SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 10 NOVEMBER 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

NOMINASIES VIR RAADSLEDE VIR DIE SARL EN MOSIES VIR DIE AJV INGEWAG

HERDENKINGSDIENS OP 10 NOVEMBER

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARL-nuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

NOMINASIES VIR RAADSLEDE VIR DIE SARL

Alle huidige raadslede van die SARL tree uit tydens sy volgende AJV wat op 29 Maart 2003 in Bloemfontein plaasvind en ter voorbreiding vir die gebeurtenis word nominasies vir raadslede ingewag in terme van reël 16.2 van SARL-lede om hierdie vakatures te vul. Indien meer as 15 nominasies ontvang word, sal 'n stemming gehou word.

Elke nominasie moet die volgende insluit:

1. Die volle name, roepsein en adres van die genomineerde;
2. 'n Amateurradio georiënteerde CV van nie meer as 200 woorde;
3. 'n Ondertekende verklaring van die genomineerde dat hy die nominasie aanvaar en op die raad van die SARL sal dien indien verkies;
4. Elke nominasie moet deur 'n voorsteller sowel as 'n sekondant onderteken wees;
5. Alleenlik ten volle opbetaalde lede (Reël 16.3) van die SARL mag genomineer word, voorstel of sekondeer.

MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Mosies vir voorlegging en oorweging by die Algemene Jaarvergadering van die SARL op 29 Maart 2003 in Bloemfontein word vanaf lede ingewag.

Elke mosie moet die volgende bevat;

1. 'n Bondige bewoording van die mosie;
2. 'n Motivering ter ondersteuning van die mosie;
3. Elke mosie moet deur die voorsteller en sekondant onderteken wees.

Nominasies sowel as mosies moet Die Sekretaris nie later as 30 November bereik nie. Dit moet geadresseer word aan Die Sekretaris, SARL, en gepos word na Posbus 1721, Strubensvallei, 1735 of gefaks word aan 011 675 2793. Ander kontak-besonderhede is Tel 011 675 2793 en e-pos admin@sarl.org.za.

HERDENKINGSDIENS OP 10 NOVEMBER

Die jaarlikse herdenkingsdiens vir radioamateurs wat hulle lewens opgeoffer het in diens van Suid-Afrika word vandag Sondag 10 November om 10:45 oor al die senders van Radio-Sonder-Grense uitgesaai. Die diens word gelei deur Ds Lendus de Villiers, ZS6LLV, leraar van die NG-gemeente Rietfontein-Noord in Pretoria. Ons versoek dat amateurs radiostilte sal handhaaf gedurende die uitsending en waar moontlik die diens oor herhalers herlei.

Op Maandag 11 November 1918, om 05:00 is die Wapenstilstand onderteken in die spoorwegwa van Veldmarskalk Foch in 'n bos op die Westelike Front. Om 11:00 op 11 November 1918 het die kanonne stil geword en vrede het na die Westelike Front gekom, die einde van die Eerste Wêreldoorlog. Om 11:00 op Maandag 11 November 2002 sal dit die 84ste herdenking wees van die einde van die Groot Oorlog.

Radioamateurs oor die lengte van Suid-Afrika word gevra, waar moontlik, om twee minute stilte te handhaaf om 11:00 op 11 November ter nagedagtenis aan alle gesneuweldes van alle oorloë, ie eerste minuut dankbaar vir die wat dit oorleef het, die tweede minuut in herinnering aan die wat die hoogste prys betaal het.

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE BHF/UHF-KOMPETISIE

Hier is die voorlopige uitslae vir die September SARL BHF/UHF-kompetisie. Van die 16 logs ontvang is slegs 4 per pos gestuur, die ander per e-pos. Deelnemers moet nie snaakse metodes gebruik om die logs te stuur nie, een log is gestuur in 'n format wat omtrent nie ontsyfer kon word nie. Logs moet of in teksformaat, MSExcel of MSWord-format gestuur word. Grafiese dokumente veroorsaak probleme. Die logs moet 'n opsommingsblad hê wat al die relevante inligting bevat soos uiteengesit in die SARL Kompetisieboek of Blouboek.

As daar geen beswwar is nie sal hierdie uitslae 14 dae na publikasie in die SARL bulletin die finale uitslae word. Dankie aan almal wat logs ingestuur het.

Vaste stasie - alle modusse:

ZR6ZL 1226 punte; ZS6PTB 397; ZS5LEE 226; ZS5AM 185; ZR5DK 137.

Vaste stasie - FM Alleen:

ZS6XT 293; ZS6PDK 231; ZR6RDU 221; ZS5DG 36.

Veldstasie - alle modusse:

ZS6STN 3519; ZS6TDK 1723,5; ZS6EGB 1327,5; ZS4BFN 676,5; ZS4NS 582.

Kontrolelog: ZR5Z

STAD OF DORP SOEKFUNKSIE OP DIE AANLYN ROEPSEINBOEK

Richard ZS2CLI het iets nuuts vir die lede ontwikkel om mee rond te speel. Hy het 'n soekfasiliteit op die aanlyn roepseinboek ontwikkel wat lede toelaat om 'n stad of dorp se naam in te sleutel en 'n lys van amateurs te ontvang. Maar die lys is nie sonder foute nie. Van die amateurs skryf nie die stads- of dorpsnaam by hulle adresse nie, byvoorbeeld, 'n amateur in Gonubie gaan nie Oos London by sy adres insluit nie. Wanneer 'n soek gedoen word met Oos London sal die Gonubie-adres nie ingesluit word nie. Om die funksie te gebruik besoek www.sarl.org.za/members/Adv_callbook1.asp.

SARL HF-VELDDAG

Die Kompitisiekomitee vra insette vanaf klubs en individue vir 'n gepaste datum vir die SARL HF-Velddag. Die huidige datum in Maart is nie geskik nie. Kyk na die almanak en stuur voorstelle aan zs4bs@netactive.co.za

NUWE LEDE

Ons verwelkom die volgende nuwe lede by die SARL:

ZR1AE Mnr Emmanuel E.A. Petersen; ZR1QRN Marion Young; ZR1VN Mnr Volker Norman Otto; ZR2BET Mnr Richard Keet; ZR6ADI Mnr W.G. Davel; ZR6AQ Mnr Stephanus H Potgieter; ZR6ATP Mnr Llewellyn D. Stewart; ZR6ADB Mnr Steve J. Verster; ZR6HBE Mnr Hendrik Bester; ZR6JPN Mnr JPJ Nel; ZR6JWN Mev JW Nel; ZR6JS Mnr J Swanepoel; ZS2IS Mnr Ian Sutherland; ZS4JR Mnr J. Minney; ZS5AS Mnr Braam Saayman; ZS5IH Mnr Ian Griffiths Hunter; ZS5LPT Mnr David Smith; ZS5MMK Mnr Meyer Koch; ZS5WP Mnr Wally Perfect; ZSL212 Mnr John Hilton; ZSL214 Mnr Michael Beck; ZSL215 Mnr Cecil Tivers; ZSL216 Mev Karen Lauf; ZSL217 Mnr Michael Fleming; ZSL218 Mnr Willem Weideman; ZSL219 Me Sandor Vas; ZSL220 Mnr Geoff Springer; ZSl224 Mnr Brian Greenwood; ZSL225 Mnr Mike Iisley; ZSL319 Gizno Amature R.C.; ZSL320 Mnr Johan Van Tonder; ZSL321 Mnr Anthony Todd Gaine; ZSL322 Mnr P.J. van der Merwe.

Ons vertrou dat julle 'n lang en vreugtevolle verbintenis met die SARL sal hê.

SARL OPEDAG BY DIE NARS 'N GROOT SUKSES

Die SARL opedag by die NARS verlede Saterdag 2 November was 'n groot sukses. Nieteenstaande die onplesierige weer het amateurs van heinde en verre besoek afgelê om sake te doen. Twee nuwe lede het aangesluit en 3 het hulle

ledegelde kom betaal. Boeke ter waarde van ongeveer R1 300 is verkoop, dus het die SARL finansieël baie daarby gebaat.

Amateurs van Witbank, Alberton, Oos-Rand, Sandton en Pretoria was teenwoordig. 15 lede van Magalies Radioamateurklub met hulle gesinne, altesaam 28 het onder die bome uitgespan en heerlik gekuier. Kinders en jongmense het op die springkasteel baljaar totdat hulle gô uit was. Voordat die reën begin val het, het almal na die lapa verskuif, waar die braaivleisvure gereed was en kon die vleisreuk ver gewaar word. Dit het vrolik gegaan en baie lekker gekuier tussen die smaaklike ete met talle slaaie deur die LV's verskaf.

Na die ete het Piet ZR6PJS en Jacques ZR6JS die werking van IRLP verduidelik en later in die Reno Faber radiokamer 'n praktiese demonstrasie gelewer wat baie interessant was. Van nou af sal die NARS-kantoor elke tweede Saterdag oop wees. Dit is vir die gerief van daardie lede wat nie Saterdae werk nie.

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE

'n Spesiale geleentheidstasie, 8N1OGA, is aktief tot die einde van Januarie 2003 vanaf Ogasawara om die 75 jaar van die Japan Amateurradioliga te vier. Aktiwiteit is op 160, 80, 30 en 12 meter. QSL via JA1MRM.

Dit is dan die einde van ons nuusbulletin vir vandag.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Dennis ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750, 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan al diegene wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

LAAT NUUS

Weens 'n onvoorsiene sameloop van omstandighede is hierdie treurige nuusitem nie in die hoofnuusbulletin opgeneem nie. Nuuslesers, sluit dit asb in alle bulletinuitsendings in.

STIL SLEUTEL

Dit is met groot leedwese dat die Raad van die SARL die afsterwe van Johannes van der Hoven, ZS6CC, alombekend as “Hofie”, op Vrydag 8 November op 58 jarige ouderdom moet aankondig. “Hofie” het sy opleiding by die Olifantsfontein Radio- en die Hartebeeshoek satelietstasie gehad. Hy was ’n kundige mens en baie bekend vir sy sateliet-weerprentuitsendings. Ons innige simpatie gaan aan sy eggenote Christa, familie en vriende.

/EX